

5 Augustus

Skrifgedeelte: Markus 1:21-28 (NAV)

Fokusgedeelte: Markus 1:27

“So seker as Ek lewe ... voor My sal elke knie buig ...!”

Sommer vroeg in die begin van Jesus se openbare optrede word sy Goddelike gesag geopenbaar. Daar in die sinagoge waar Fariseërs, Skrifgeleerdes, Jode en nie-Jode bymekaar is, laat die Koning van alle konings niemand wonder oor Wie Hy is en Wie Hom gestuur het nie.

Die mense saam met Hom daar (h)erken egter nog nie hierdie gesag wat Christus openbaar nie. Tot nou toe was hulle onder die gesag van die Skrifgeleerdes (en die Fariseërs). Hulle interpretasie van die wet en die profete was die leer wat die kerk van daardie tyd geken het. Maar nou is daar 'n nuwe leer. 'n Nuwe leer, gebring deur 'n “nuwe” Gesagsdraer wat nie net die uitverkore volk nie, maar ook die bose geeste in die lug beveel ... *en hulle gehoorsaam hom!*

Jesus Christus se gesag strek baie wyd en baie ver. Sy Koningsheerskappy laat nie net die kerk nie, maar selfs die bose in gehoorsaamheid voor Hom buig. Hulle erken Hom as *die Heilige van God ... Jesus van Nasaret. Hy gebied hulle en hulle gehoorsaam Hom*. Hy het dit immers self gesê ... *“So seker as ek lewe ... voor My sal elke knie buig ...!”* (Rom. 14:11).

Sommige mense sukkel vandag nog om die knie voor Jesus Christus te buig. Hulle betwyfel sy goddelike wese. Hulle ondermyn sy goddelike gesag. Hulle steur hulle nie aan sy Woord nie. Hulle worstel met hulle gehoorsaamheid aan Hom. Hoe geseënd en begunadig is die mens wat in dankbare aanbidding homself en haarself voor sy Woord buig en dit aanvaar en erken as die absolute bron van kennis en waarheid wat alles omvat wat ons vir ons ewige saligheid nodig het. Hoe geseënd en begunadig is die mens wat voordurend na die wil van God vra en met eerbied aan sy en haar Koning gehoorsaam is – Jesus Christus, ons Here!

Sing: Skrifberyming 43:1, 2, 4, 6

Ds. OJ Struwig (Delmas)